# BERGenBAAI

**NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA**

**EERSTE UITGAWE JUNIE/JULIE 2010**


## LEES OOK


VUVU-LAMP EN JEUGKAMP 3

HOUTBAAI-NUUS 4

TENEBRAE 5

GEMEENTE INISIATIEWE 6

VRIENDE-KRING 8

JAO 8


## ANDER Sê...

- Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.

(Jakobus 4:17)

- As jy nie van iemand hou nie, doen hom 'n weldaad. Daarna sal jy hom liefhê.

(CJ Langenhoven)

- Ondervinding is die naam wat almal aan hulle foute gee.

(Oscar Wilde)

## WAT WEET ONS VAN SWAARKRY?

"Dit is duidelik dat die armoede probleem die grootste enkele probleem is wat die toekoms van SA destabiliseer. Destabilisasie kan op die lange duur politieke opstande inhou. 'n Politieke rewolusie kan 'n diktatuur in die hand werk. Dit beteken ook fisiese onsekerheid: moord en doodslag en diefstal, ingevolge waarvan die armes van die rykes steel en in die proses moor en brand.

"Die aanspreek van armoede vra 'n swaar hand. Dit verg dikwels drastiese maatreëls wat binne 'n demokrasie kontra-produktiewe politieke en staatkundige gevolge inhou. Daar is altyd 'n politikus en party wat teer en floreer op die griewe van die kiesers. Die een se politieke brood is die ander se uittree-dood. Derhalwe is die probleem wesenlik onoplosbaar, die politieke oogmerke en beloftes ten spyt." So skryf Christo Landman op 19 November 2009 in ***PRAAG.*** Daar behoort talle van ons te wees wat nie met so `n dramatiese siening saamstem nie.

Iewers in Die Bybel bid iemand: Here, moenie dat ek arm word en steel nie.


Daar is baie van ons in die gemeente wat bevoorreg is om warm aan te trek, knus te slaap en te eet en te eet en te eet... Maar, daar is ook diegene wat nie weet waar die volgende ete vandaan kom nie. En dis hieroor wat ons moet waak; dit mag nie gebeur nie.

Daarom het die Wyksraad `n Noodlenigingspan wat hieraan aandag gee. Die Begroting maak nie hiervoor voorsiening nie; die span moet sy eie fondse genereer en dis waar die lede van die liggaam aktief moet raak.

`n Koevert, gemerk ***Nood***, kan in die bordjie geplaas word en die spanlede sal sorg dat dit by die regte plekke uitkom.

Ons mag nie toelaat dat lede van die gemeente in nood verkeer nie, terwyl ons wonder oor wat om aan te trek en wat sal ons vandag braai.

*Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van My...*



## BERG EN BAAI

Het die gemeente `n blad nodig? En as hy een benodig, hoe behoort dit te lyk? As dit beantwoord is, moet ons weet wat wil lesers daarin hê?

Ja, u is reg! Hier kom die vangplek, die bydraes. Die blad het nie `n begroting soos die dagbladpers nie en van `n redaksie is daar nie sprake nie. Pieter Coetzee het aangebied om betrokke te raak en hy en Shani Vavruch wil hierdie loodsblad van B&B in sy nuwe gedaante die lig laat sien en kyk of die voëltjie kan vlieg.

Dit is uiteraard nie moontlik om almal tevrede te stel nie, maar ons kan probeer om tog die meerderheid gelukkig te maak.

As daar iets is wat u geniet het, sê so. As daar iets is wat u laat gril het, sê so. As daar iets is wat u mis, sê so. En die rede is eenvoudig: hoe anders gaan ons weet?

Lees en sê, asseblief.

## NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA

### "KERK TOE GAAN, IS SEKER DIE VERVELIGSTE DING WAT DAAR IS..."

*"Ek meen nou maar, dis net sit en bid en preek en sit en bid en sing en sit en betaal, ook nog, en dan kan jy gaan - uiteindelik! Watter bewys wil `n mens nog hê dat dit vervelig is? Daar is nie eens hoede om te tel nie - lankal nie meer nie. En mans dra ook maar min dasse, so jy kan nie eens `n telling hou van blomdasse, streepdasse, effekleurdasse, of…"*

Hokaai, my vriend, hokaai. Waarom gaan jy kerk toe? As jou sit net sit is omdat staan jou vemoei, kon jy tuis gebly het, en dis goedkoper, volgens jou somme!

Preek is deesdae meer *praat* as predik. En sing is vrolik, soms gedrae, maar betekenisvol, as jy dink waaroor jy sing. Orrelspel skep `n bepaalde atmosfeer en as jy wil voetjie klop, is daar ook eredienste waar sulke begeleiding en liedere is. Geen verskoning vir verveling nie. Jou ingesteldheid is bepalend.

Ek het my al selfs mateloos verveel in `n fliek, waarvoor ek self betaal het, maar ek bly sit en vertel na die tyd hoe ek my verveel het. So `n regte martelaarsingesteldheid.

`n Erediens is `n diens (samekoms) ter ere van Hom in wie ons glo en aan wie ons gebind is. Om saam te kuier kan nie vervelend wees nie. En wat maak ek as dinge tydens die diens my pla? Dan praat jy daaroor, of jy stuur `n e-pos, of jy skryf `n brief.

Kerk toe gaan is dalk `n gewoonte, maar dis immers `n goeie gewoonte. Perdalks hoor jy iets wat net jy moes hoor. So tussen die verveling deur…

**pieter**







`n Erediens is `n diens (samekoms) ter ere van Hom in wie ons glo en aan wie ons gebind is. Om saam te kuier kan nie vervelend wees nie.

## SOKKER EN KERK



Sokker is sport en Kerk is nie sport nie! Nè!?

Het jy al na `n sokkerwedstryd gekyk? Gekyk met die oog om dit te vergelyk met kerk– of gemeentewees? Nog nie, kom ons probeer dan.

Daar is twee spanne wat mekaar opponeer; dis nou die gemeente vs die dominee? Nee, die dominee staan in die doelhok, want hy is die een wat die skuld moet vat as daar `n doel aangeteken word. Natuurlik, hy wil mos die laaste vesting beman!

Daar is `n skeidsregter ook - dis seker die sinode, skat ek. (Sukkel bietjie met die een.)

In beide spanne is daar `n klomp harde werkers en `n klomp skouponies. Laasgenoemde is diegene wat so met oorgawe neerslaan as niks met hulle gebeur het nie net om darem die kamera en dalk die skeidsregter se aandag te trek.



Dan is daar `n klomp toeskouers. Dis reg, nes in `n gemeente waar `n handjievol swoeg dat die sweet hulle afloop en al wat die ander doen, is om vuvuzelas te blaas en die spelers en skeidsregter te kritiseer. Werk elke keer; dis immers nie die toeskouer se skuld as iets verkeerd loop, of dalk glad nie loop nie, want hulle het mos niks (verkeerd) gedoen nie.

Dis ook hulle wat met oorgawe kan verduidelik wat gedoen moes word om alles vlot te laat verloop op die veld. Maar op die veld kom hulle nie, want hulle is nie fiks nie, te oud, "dis nie my *game* nie", kyk eintlik maar net so dan en wan… (Amper soos per Nagmaal, sien.)


Sokker is sport en Kerk ...

# Die *Vuvuzela* inspireer tot groot hoogtes



Die ikoniese sokker blaasinstrument, die *vuvuzela*, het as inspirasie gedien vir **John Edwards (foto)** se ontwerp vir 'n lamp, die Vuvu lamp. John se ontwerp was verlede jaar bekroon met die eerste prys in 'n nasionale kompetisie uitgeskryf deur die ***Elle Decoration*** tydskrif en geborg deur Weylandts meubelhandelaars. Sy inskrywing is gekies uit meer as 120 inskrywings. Op daardie stadium was John nog `n argitekstudent aan die Universiteit van Kaapstad.

Die kompetisie het vereis dat die ontwerp eenvoudig, uniek en eko-vriendelik moes wees en terselfdertyd moes dit ontwerp as deel van 'n proses uitbeeld. Die produksiekoste moes beperk word tot R1 800.



Die lamp word van hout vervaardig en John se simplistiese ontwerp verseker dat die lamp in enige kamer as 'n staanlamp, 'n lamp vir 'n lessenaar of bedkassie, of selfs as 'n hanglamp gebruik kan word. John het besef dat besoekers aan ons land wat sokkerbekerwedstryde kom bywoon en iets meer as net plastiese snuisterye wil saamneem huis toe, iets sal soek met meer styl. Dit het sy gedagtes aan die gang gesit en gelei tot sy ontwerp.

Die Vuvu lamp sal nou deur Weylandts vervaardig en verkoop word.

# jeugkamp




*Jabulani Africa Ministries* het die kamp aangebied en **Gerhard Duvenhage,** seun van ds. Why en Zandra, `n vorige leraarspaar, het as leier opgetree.



Hoe nou verder? Hou Tommie, hou!



Lekker, lekkerder, tjôklitkoek!



Uitsig vanaf Apostel Battery



En nou, wat trek die aandag so?

# SOROPTIMISTS INTERNATIONAL (SI)

**Al ooit van so iets gehoor?**

"Soroptimists International (SI) Cape Town of Good Hope club, a women's organisation that meets monthly in Kenilworth and focuses on improving the lives of women and children, has been working hard for the past year to create awareness of human trafficking with the World Cup. SI Cape of Good Hope president Lisette Genseberger said: "We are part of an anti-trafficking coalition with Molo Songololo, which has as its focus increasing general awareness of this universal scourge."

So rapporteer *Lisa Koekemoer* in die ***Tatler***, van 3 Junie 2010.

Lisette, haar man, Alfons, en haar ma, Lieske, is aktiewe gemeentelede en hierdie aksie buite die grense van die gemeentelike werk verdien applous.

Ons maak mense bewus van die nasionale mensehandel hulplyn wat bereik kan word deur 0800 555 999 te skakel. Praat gerus met Lisette hieroor.

**SI** is die grootste organisasie van professionele en sakevroue in die wêreld met die fokus op projekte wat die verbetering van die lewensgehalte van vroue en kinders op die oog het.

Hulle had ook `n ***Lipstick & Lace*** geleentheid om fondse vir die doel in te samel en dis waar die kamera hulle betrap het.



Hier is Lieske met haar dogters, Lisette en Elsabet.

Lisette vertel ook dat hulle betrokke geraak het by die *Shine Centre* wat leerders help met o.a. Engels as Tweede Taal. Onderrigpakkette word beskikbaar gestel vir die doel en hulle ***Lipstick & Lace***-aand het R16 000 hiervoor ingesamel. Dis voorwaar opwindend om te hoor van gemeentelede se betrokkenheid in die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Vertel ook vir ons by B&B daarvan; ons vertel dit graag oor.


## Bevestiging van ds. Gerhard Pietersen in Houtbaai op 15 Januarie 2010. Ds. Uys Theron van Constantia het die bevestiging waargeneem.



Die Pietersen-gesin



Ds. Gerhard aan die woord



Ds. Uys Theron bevestig ds. Pietersen in die amp.

Die Noodleninging Span van Houtbaai is elke Woensdag betrokke by 'n Sopkombuis vir die haweloses van Houtbaai. **Tania Gray** is by die bakkie en **Friedel McLachlan** by drie vroue.





# MAGDA BESTER



Hier is Magda saam met haar susters.

Magda Bester, skriba, kassier en koster in Constantia het onlangs ontdek dat sy borskanker het. Sy het reeds 'n mastektomie ondergaan en is op die herstelpad.

B&B het met haar hieroor gesels en glo ander sal hieruit krag put en gebedskrag insit om haar herstel te vergemaklik. Sy skryf:

"Ek sou nooit kon raai dat ek ook deel van die Kankervereniging se statistiek sou wees nie - nee gits, `n mens dink en wonder soms daaroor maar dit gebeur mos nie!! Dis soos 'n nagmerrie wat ver weggebêre is in jou agterkop - jy vrees dit, maar jy dink nie te veel daaraan nie, maar nou is daar geen ander keuse nie! Ek het borskanker, maar let wel ... **ek gaan dit oorleef!**

"Op Dinsdag, 8 Junie is ek in vir 'n mastektomie. Daar was nie regtig kans vir bang wees nie, nee, die Here het my té styf vasgehou.

"Vriende, familie en kennisse het gebel, sms'e gestuur, boodskappe gelos, kom kuier, my en my gesin opgedra aan die Here en die afgelope drie weke was nog net een wonderlike reis op die vlerke van die Here.

"Oor 2 weke begin ek met hormoonterapie. Nie lank daarna nie, dan met chemoterapie. **Ek is op 'n nuwe reis en die Here sal my hierdeur dra."**

# Donkerdiens / Tenebrae




Constantia het hierdie jaar vir die eerste keer aangesluit by 'n baie ou tradisie naamlik die Donkerdiens of Tenebrae. Hierdie tradisie het vir 'n lang ruk nie in die Protestantse kerke plaasgevind nie, maar het nou weer in die laaste tye herleef.

Tenebrae is 'n kerkdiens wat tradisioneel gehou word op die aand voor Goeie Vrydag. Die uitstaande kenmerk van die diens is die geleidelike doodblaas van kerse met tussenposes waarin die teks voorgelees word oor die gebeure wat afspeel tussen die laaste Avondmaal en Jesus se kruisiging. Gepaste musiek kan ook deurentyd voorgespeel of gesing word.

Donderdagaand 1 April 2010 het 'n aantal gemeentelede saam met ds. Uys die Tenebrae diens gehou. Teksgedeeltes uit Lukas is voorgelees deur verskeie lesers en na elke lesing is 'n kers deur die leser doodgeblaas.

Tussenin was daar periodes van stilte waarin mens kon reflekteer oor die teks, afgewissel met musiek.

Aan die einde van die diens het die aanwesiges die kerk in duisternis verlaat in 'n nadenkende stemming, diep onder die indruk van die gebeure wat die volgende dag, Goeie Vrydag, herdenk sou word.

Almal wat die diens bygewoon het, was dit eens dat dit 'n geleentheid is wat herhaal moet word.

## HIERDIE VIRUS IS GOED VIR JOU!

*WOW! Ek wens almal kon hierdie hoor.* So dink ek terwyl ek luister na dr. Pieter van Jaarsveld se insiggewende en inspirerende gedagtes oor Emosionele Intelligensie (Constantia, 13 Maart).

In 'n wêreld waar soveel mense seergekry het en nog steeds seerkry, swaar dra aan bagasie en waar talentvolle mense net eenvoudig nie in hulself glo nie, was dit goed om te hoor:

- Ons is geskape om wenners te wees, jammer dat ons dikwels geprogrammeer word om verloorders te wees.
- Al is ek die produk van my verlede, hoef ek nie die slagoffer van my verlede te bly nie.
- Jou 'attitude' bepaal jou 'altitude'!

Lees gerus dr. Pieter se boek, ***Die hart van 'n wenner***, en leer hoekom hy emosionele intelligensie die geluksvirus noem ! Hierdie een is GOED vir jou.

En werk dan daagliks aan jou selfprogrammering.

*Esmari*

# *CONSTANTIA-Wynklub*

**Ondersteun asseblief hierdie inisiatief van Constantia Noodleniging, sonder veel moeite vir uself en help sodoende behoeftiges, siekes, oues en honger mense in ons gemeente en omgewing!**

Hierdie is 'n deurlopende fondsinsamelingsprojek en sodra jy eenkeer bestel het, sal jy daarna elke maand 'n bestelvorm via e-pos ontvang om weer te kan bestel!

## HOE WERK DIT?

Dis eenvoudig:

- Vul die bestelvorm in en e-pos dit aan Elmarie Taljaard.
- Sodra die bestelvorm ontvang is, word 'n rekening per e-pos gestuur.
- Betalingsopsies: Direkte Internetbetalings óf kontant by aflewering.

Sodra betaling uitgesorteer is, word gepaste afleweringsreëlings getref.

Bestelvorm op bladsy 7

***Die minimum bestelling is 6 bottels per wyn.*** ***Deel met vriende, familie of kollegas!***

**Hoe meer bestellings, hoe meer kan ons vir ander beteken!**

Om verwarring tussen ongeëtiketteerde en landgoedwyne van dieselfde plaas te voorkom, word landgoedname nie hieronder genoem nie. U is welkom om direk met Elmarie Taljaard kontak te maak by e-posadres elmarie.taljaard@telkomsa.net **of 082 4967923.**

**ONTHOU OM TE ONTHOU OM TE ONTHOU**

**ALPHA kursus** begin **14 Julie** by Houtbaai.

Kontak Renier Combrink vir meer inligting by 082 902 2244.

******************************

Houtbaai Noodleniging **FONDSINSAMELING 30 Julie**

Kaartjies kos R40 pp.

Skakel Tania Gray vir meer inligting by 082 491 5626.

## BESTELVORM

# NG Kerk – Constantia

**Noodleniging wynklub**

**Lekker drinkwyne teen bekostigbare pryse!**

elmarie.taljaard@telkomsa.net

**082 4967923**

Om verwarring tussen ongeëtiketteerde en landgoedwyne van dieselfde plaas te voorkom, word landgoedname nie genoem nie. Belangstellendes is welkom om Elmarie direk te kontak en die wyne met haar te bespreek.

| | Prys | Hoev |
|---|---|---|
| **1. Droë rooi versnit 2001- Paarl area** | **R180 (x 6 bottels)** | ........... |

Merlot, Cab, Shiraz, Pinotage, Cab Franc.

*'n Bietjie meer ernstige wyn …. Sag op die palet met heelwat struktuur en lyf. Medium hout verouderd.*

**Daar is slegs 10 kiste van hierdie wyn beskikbaar .** Huidige rakprys: R55

**2. Merlot 2008 - Robertson area** **R162 (x 6bottels)** ...........

*Net 'n rapsie hout. 'n Wyntjie vir enige tyd, enige plek – 'n kuierwyntjie. Sagte aarbei- en Rooi bessie aromas met 'n titseltjie vanilla aan die einde.* Huidige rakprys: R55

**3. Cabernet Sauvignon 2007 – Stellenbosch** **R204 (x 6 bottels)** ...........

*Net effens gehout. Sagte rooi bessie vrugtegeur.* Huidige rakprys: R55

**4. Chenin Blanc blend 2009 - Stellenbosch** **R150 (x 6 bottels)** ……….

*Fris en vars met tropiese vrugte aromas en `n aangename romerige afronding.*

Huidige rakprys: R45

**5. Sauvignon Blanc 2009 - Robertson area** **R156 (x 6 bottels)** ………..

*'n Droë wit vir 'n warm dag om die braai. Lig, tropiese vrug, maar tog vars op die tong.*

Huidige rakprys: R40

**6. Chardonnay 2008 - Robertson area** **R180 (x 6 bottels)** ............

*Lig gehout en net 'n klein bietjie ernstiger. Sitrusbloeisel aromas en 'n heerlike vars-in-die-mond gevoel.*

Huidige rakprys: R45

**Persoonlike Besonderhede**

**Naam & Van:** ...............................................................................

**Afleweringsadres :**...........................................................................................................................................

**Kontaknommers (kantoorure):** ................................................../ **E-pos adres:** ..............................................

**NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA**

H/v Ladies Mile en Firgroveweg,

KREUPELBOSCH, 7945

Telefoon/Faks (Kerkkantoor):

021–712 1682

E-pos: ngconstantia@xsinet.co.za

Houtbaai-Kerkgebou:
h/v Oxfordstraat & Albertweg, Houtbaai
webmaster@houtbaaigemeente.co.za

Webwerf addresse :

Constantia - http://ngkconstantia.za.net

Houtbaai - www.houtbaaigemeente.co.za

**Dallas Willard in SA from 8 – 13 August 2010**

**DALLAS WILLARD** is a Professor in the School of Philosophy at the University of Southern California in Los Angeles. He has taught at USC since 1965, where he was Director of the School of Philosophy from 1982-1985. He has also taught at the University of Wisconsin (Madison, 1960-1965), and has held visiting appointments at UCLA (1969) and the University of Colorado (1984).

Dallas is considered to be a leading thinker in Christian spiritual formation and his books include Renovation of the Heart ( May 2002), and received Christianity Today's 2003 Book Award in the category of Spirituality. The Divine Conspiracy was released in 1998 and selected Christianity Today's "Book of the Year" for 1999. The Spirit of the Disciplines appeared in 1988, and Hearing God (1999) first appeared as In Search of Guidance in 1984 (2nd edition in 1993). More recent publications include The Great Omission and Knowing Christ Today.

He has served on the boards of the C.S. Lewis Foundation and Biola University, and is a member of numerous evaluation committees for the Western Association of Schools and Colleges (accreditation).

Vir meer inligting oor sy besoek en optredes:

**Tree in verbinding met: Communitas, Posbus 3322, Matieland 7602, Tel (021) 808 3624, Faks (021) 886 5701,**

**cmer@sun.ac.za**

**DATUM : 20 TOT 22 AUGUSTUS 2010**

***SPREKER : DS. RICHARD VERREYNE***

***HY IS 'MAN WAT 'N PASSIE HET VIR VERLOREGAANDE SIELE.***

***HY KEN DIE SENDINGVELD EN DAAROM KAN ONS MET VERWAGTING UITSIEN NA SY BEDIENING DIE NAWEEK GEDURENDE DIE JAO - FEES.***

**Die Vriendekring** het gedurende Junie `n byeenkoms gehad en lekker gekuier.



Magdaleen Schmidt vang sokkergees. Sy is ook `n TUG-werker.



**Stiena du Plessis en Lea Moolman**

**Truida** en **Helen** van der Horst, **Ounooi** en **Denette** Swart het die Vriendekring –onthaal behartig.
Julle is sterre!



Sarie Anderson geniet die heerlike ete wat voorgesit is.

**BEERTJIEFEES OP 1 MEI**



Na `n lang dag kon almal wat vanjaar hieraan deel gehad het, met genoegdoening terugkyk op `n dag van seën, heerlike weer en `n gesellige gees wat nie maklik elders te vinde is nie. Die gemeente kon sy finansiële doelwit bereik (`n totale wins van meer as R70,000.00 !)en bring sy dank aan die Here wat dit alles moontlik gemaak het.